

Die sintaktiese binding van μετὰ χαρᾶς in Kolossense 1:11: 'n Strukturele motivering¹

J H Roberts

Emeritus Professor, Departement Nuwe Testament

Universiteit van Suid-Afrika

Abstract

The syntactical linkage of μετὰ χαρᾶς in Colossians 1:11:

A structural motivation

The study deals with the question whether μετὰ χαρᾶς in Colossians 1:11 is linked to what precedes or follows it. In trying to answer the question the motivations given for either choice are scrutinised while the use of the expression in the Septuagint and the rest of the New Testament is researched. On the basis of these considerations it is found that no conclusive case could be made for either choice. The focus of the study is then to show that a structural analysis of the prayer section might render a linkage to the preceding to be the more probable choice.

1. INLEIDING

1.1 Die probleem

Wie die moeite doen om vertalings en kommentare op Kolossense 1:11-12 na te gaan, word hom/haar onmiddellik daarvan bewus dat ons hier met 'n onopgeloste probleem te doen het. Die vraag is: bind μετὰ χαρᾶς wat aan die einde van vers 11 staan, terug na die voorafgaande in vers 11, of bind dit vorentoe met dit wat in vers 12 staan? Anders gestel, kwalifiseer μετὰ χαρᾶς die voorafgaande frase εἰς πᾶσαν ὑπομονὴν καὶ

¹ Hierdie studie oor 'n klein probleem word *met blydschap* aan Gert Pelser opgedra by die aanvaarding van sy emeritaat. Sy blymoedigheid – ook in teenspoed – het altyd sy vriende en kennisse opgeval en sy sin vir humor het ons telkens groot plesier verskaf. Ek is dankbaar vir baie jare se samewerking, vriendskap en kollegialiteit. Gert, 'n lewe vol blydschap word jou en joune toegebied.

μακροθυμίαν of die daaropvolgende εὐχαριστοῦντες? Nie alleen verskil die opinies hieroor oor 'n breë front nie, maar die keuse vir die een of die ander moontlikheid word dikwels óf sonder motivering gedoen, óf met 'n stelling soos: “dit pas beter om μετὰ χαρᾶς by dié of dáárdie frase aan te sluit²”. Wanneer daar wel motiverings vir die uitgeoefende keuse aangebied word, kom dit nie juis besonder oortuigend oor nie: daar blyk telkens 'n goeie teenargument te bestaan wat die saak onseker maak. Dit is die bedoeling om ondertoe op hierdie probleem in te gaan deur die gebode motiverings te oorweeg, ondersoek te doen na die gebruik van die uitdrukking in van die omliggende literatuur, te wys op die gebrek aan afdoendheid in die argumentasie en, ten slotte, 'n poging aan te wend om deur middel van 'n redevoeringsanalise die skaal van waarskynlikheid te laat swaai in die rigting van 'n binding van μετὰ χαρᾶς met dit wat daaraan voorafgaan.

2. DIE STAND VAN SAKE

Die ongemotiveerde aantekening van Uitman (1972:20) by vers 12 is tekenend van die verleentheid waarvoor die ondersoeker te staan kom: “De woorden ‘met blijdschap’ zijn met Nestle en de nieuwe vertaling (N.B.G.) bij dit vers te trekken”. Sy leser moet maar op goeie geloof aanneem dat hy reg is, en kan alleen tussen die lyne agterkom dat daar 'n

² Onder die vertalings wat 'n binding na agtertoe aanvaar, tel die volgende: Revised Standard Version; New English Bible; New American Bible; Jerusalem Bible; Goodspeed; 1953 Afrikaanse Vertaling. Onder dié wat die binding met εὐχαριστοῦντες aanvaar, tel: New International Version; Nieuwe Vertaling, Nederlands Bijbelgenootschap; New Revised Standard Version; Today's English Version; Nuwe Afrikaanse Vertaling. Hierdie lys is uiteraard nie volledig of selfs omvattend nie, maar dien om die verdeeldheid oor die kwessie te laat sien.

probleem is en dat daar 'n ander moontlikheid bestaan³. Laat ons dan kyk na die motiverings wat wel gebied word⁴.

2.1 Die argumente vir 'n binding na agter of na vore

In die tyd toe daar nog ernstig gewerk is met beide die Griekse en die Latynse tekse, was Calvyn ([1548] 1965:305) van mening dat, terwyl die Latynse tekse eerder die binding na vore ondersteun, die Griekse manuskripte die binding na agter toe verkieslik maak. Daarby was hy van mening dat geduld en standvastigheid nie sonder 'n vreugdevolle instelling vol te hou is nie. Wat die eerste argument betref, sou 'n mens nou juis wou weet op watter gronde die Griekse teks die binding na agter ondersteun. Maar dit hoor ons nie. En in die moderne teksuitgawes word die punktuasie so gedoen dat dit juis die binding na vore bevoordeel. Kennelik hou die argument dus nie water nie. Op hierdie argument sal ons later moet terugkom (vgl onder afdeling 4.3), asook (hieronder) op die tweede.

Ten minste, sedert Eadie ([1856] 1957:30-31), word die argument meermale gevoer dat 'n binding van μετὰ χαρᾶς met εὐχαριστοῦντες oorbodig sou wees omdat laasgenoemde reeds die gedagte aan blydskap in homself insluit en dit dus sou meebring dat μετὰ χαρᾶς totaal en al in betekenis vervlak, en die emfatiëse posisie wat dit dan in die volgende frase sou beklee, nie verantwoord kan word nie, terwyl die belangrikheid van 'n vreugdevolle volharding in 'n situasie van nood en lyding, verlore sou gaan (vgl Lightfoot 1890:138; Carson 1963:11-12). Hierdie argumente word gedeeltelik deur Abbott (1897:205) weerlê deur daarop te wys dat εὐχαριστοῦν in kontekste gebruik word waar die gedagte aan blydskap nie teenwoordig is nie. Hy verwys in dié verband na 1

³ Vir dieselfde keuse en sonder motivering vergelyk ook Pfammatter (1990:59-60). Martin (1974:53; vgl 1972:32-33) kies andersom, maar ook sonder werklike motivering. Ernst (1974:160-164) is klaarblyklik onseker en kies in sy vertaling vir die een moontlikheid en in die kommentaargeeelte vir die ander, maar sonder motivering. Bratcher & Nida (1977:18) wys bloot op die twee moontlikhede en die gepaardgaande vertalings, sonder om 'n keuse te maak of te motiveer. Vergelyk hier ook Schweizer (1980:43) wat albei vir moontlik hou maar voorkeur gee aan die binding na agter, asook Gnlika (1980:43) wat andersom kies: "Präpositionalfiguren mit εἰς sind als Abschluss gut geeignet, die Figur mit μετὰ passt weitaus besser zum folgenden Verb" (Gnlika 1980:43, n 3). So ook, sonder motivering, Dunn (1996:67, n 3).

⁴ Vir werklik goeie besprekings van die saak moet 'n mens teruggaan na die ouer kommentare. Vgl Lightfoot (1890:138); Abbott (1897:205); Ewald (1910:305-306). Onder die nuweres wat die probleem deeglik bespreek, tel Barth & Blanke (1994:183); O'Brien (1977:93-94; 1982:25).

Korintiërs 10:30; 14:18; Kolossense 3:17 en is waarskynlik reg in sy opinie hieroor. In elk geval dui dit daarop dat die argument nie sterk is nie en nie werklik gehandhaaf kan word nie. Per slot van sake sou die outeur die vreugde-aspek nadruklik kon beklemtoon as hy wou, en dit sonder dat μετὰ χαρᾶς daardeur in betekenis sou verswak⁵. Wat in die reeks argumente in hierdie paragraaf nog nie weerlê is nie, is die belangrikheid daarvan dat blydskap in lyding beklemtoning verdien. Hierop sal hieronder nader ingegaan word.

In die loop van tyd is daar op verskeie Nuwe-Testamentiese teksgedeeltes gewys wat 'n binding na agter sou ondersteun. Lightfoot (1890:138) steun veral op Kolossense 1:24 waar die skrywer juis sê dat hy hom verheug (χαίρω) oor sy lyding ter wille van die lesers. Hiermee is daar 'n verband gelê tussen blydskap en lyding soos ook te sien is in Jakobus 1:2-3 en 1 Petrus 4:13. Die argument is klaarblyklik dat die gebed om versterking met krag en die gepaardgaande vereiste van geduldige volharding 'n lydingsituasie in die gemeente veronderstel en dat die gemeente nie daardeur ondergekry moet word nie, maar dit met blydskap moet aandurf. In ons verband is hierdie verwysings hoogstens van indirekte belang en kan dit nie as motivering geld nie. Hierteenoor voer voorstanders van die binding na vore 'n reeks ander tekse aan wat op hulle beurt die verband tussen dankbaarheid en blydskap beklemtoon. Patzia (1990:29) verwys hier na Filippense 1:4 (waarop Lightfoot 1890:138 self ook al gewys het); 4:4-6; 1 Tessalonisense 5:16-18; en 1 Petrus 1:8; 4:13⁶. Hierdie tekse is egter self ook slegs van indirekte waarde en het ewe min bewyskrag ten opsigte van die binding van μετὰ χαρᾶς as die voorafgaande reeks.

Omdat die *stoa* ook die deug van geduld beklemtoon het, maar dan as iets wat maar verduur moes word, meen sommiges dat dit hier besonder van pas is dat die skrywer die Christene se geduldige volharding positief kwalifiseer: wat oor hulle kom moet nie maar bloot “stoïsyne” verduur word nie, maar die lewenslot moet met blydskap aanvaar en beleef word (Scott 1930:18; Bruce 1957:187-188; Ellis 1962:elektronies by 1:11). Alhoewel dit op sigself moontlik is dat so 'n “anti-stoïsyne” motief hier 'n rol kon gespeel het, vorm die waarneming self geen bewys daarvoor dat μετὰ χαρᾶς met

⁵ Die argument van Ewald (1910:305-306) dat μετὰ χαρᾶς nie emfatiese krag het nie omdat dit bloot ter wille van styloorwegings voor εὐχαροῦντες ingevoeg is om die balans van die vorige frases te handhaaf, klink onoortuigend en word deur ander besware gedruk. Sien hieroor die verdere uiteensetting hieronder.

⁶ Mussner (1965:36) verwys in die lig van 'n veronderstelde nagmaalsliturgie wat hier op die agtergrond sou staan, na Handeling 2:46.

die voorafgaande geneem moet word nie. Die skrywer sou dieselfde kon bereik het as die blydskap bedoel was om met die danksegging te bind. Dieselfde geld die argument van Melanchthon (1989:36-37) dat die binding na agtertoe verduidelik kan word as 'n vermaning aan die lesers om God nie vir hulle lyding te verkwalik nie, maar juis daarop te vertrou dat Hy hulle sal help. Ewemin kan Calvyn (vgl hierbo) se argument dat volharding nie sonder blydskap vol te hou is nie, hier as bewys dien. Al die sake in hierdie paragraaf genoem, is waardevol as die beslissing eenmaal gemaak is om μετὰ χαρᾶς by die voorafgaande te neem. Op sigself is dit egter geen aanvaarbare motivering nie.

'n Argumentasie wat met die struktuurpatroon van 1:3-20 te doen het, lei tot teenoorgestelde konklusies. Aan die een kant het Barth & Blanke (1994:183) die eienaardige redenasie dat vrugdra en groei (1:10) terugverwys na 1:3-8; terwyl die danksegging in 1:12 nader verduidelik word in 1:13-20, en dat, om dié rede, μετὰ χαρᾶς aan die voorafgaande verbind moet wees. Omgekeerd redeneer Patzia (1990:29): "Paul is developing a hymn of thanksgiving (1:12-20) and consequently directs his readers to express thanks *joyfully ... to the Father.*" 'n Mens kan met geen van hierdie argumente iets uitrig nie.

Ten slotte word daar op grond van die sinsimmetrie eweneens tot teenoorgestelde resultate gekom. Diegene wat dié faktor aanwend as motivering vir die binding van μετὰ χαρᾶς met εὐχαριστοῦντες grond hulle redenasie op die waarneming dat daar, afhanklik van περιπατήσαι in 1:10, drie partisipiale konstruksies volg waarvan die eerste twee begin met ἐν + datief. Die redenasie is dan dat die sinsimmetrie vereis dat μετὰ χαρᾶς, in die posisie van die twee ἐν-konstruksies, vooraan εὐχαριστοῦντες sal staan en uiteraard daaraan sal bind (Van Leeuwen 1926:157; Dibelius & Greeven 1953:8; Ridderbos 1960:128; Lohmeyer 1961:37-38, 38, n 2; Hendriksen 1964:59, n 40; Van der Watt 1988:17; Sappington 1991:182, n 3). Barth & Blanke (1994:183) probeer om die bogaande beredenering van krag te ontdaan deur daarop te wys dat die voorkoms van μετὰ in die plek van ἐν in die derde partisipiale konstruksie nie tekenend is van 'n streng

parallele konstruksie nie. Daarby kom die twee uitbreidings wat met εἰς begin⁷ in die tweede en derde frases voor, maar nie in die eerste nie, terwyl die uitbreiding κατὰ τὸ κράτος τῆς δόξης αὐτοῦ die simmetrie verder versteur. Terwyl hierdie opmerkings seker geldigheid besit, is dit die vraag of ons hier hoegenaamd met drie, en nie vier, partisipiale konstruksies te doen het nie. Hierdie siening verteenwoordig op sigself die belangrikste kritiek op die standpunt dat μετὰ χαρᾶς na vore bind en nie na agtertoe nie. Aangesien dit een van die hoofkomponente uitmaak wat ondertoe in hierdie stuk beredeneer gaan word, moet die uiteensetting daarvan vir eers oorsaak⁸.

3. DIE GEBRUIK VAN ΜΕΤΑ ΧΑΡᾶΣ IN OMLIGGENDE LITERATUUR

Hierdie opskrif mag misleidend wees omdat die gebruik van die betrokke uitdrukking slegs in die Septuaginta en die Nuwe Testament nagegaan word. 'n Studie van die wyer literatuur mag op sigself interessant wees, maar word hier nie nodig geag nie omdat die voorkomste wat ondersoek is genoegsaam aantoon dat μετὰ χαρᾶς inderdaad na vore of na agter kan bind en dat slegs die verband kan help om te bepaal wat die geval is.

Uit die elf voorkomste in die Septuaginta bind μετὰ χαρᾶς sewe keer na agtertoe (1 Kron 29:22; Eseg 9:17, 18; Tob 13:11 [2x in die twee tekstipes]; 3 Makk 7:15; PsSol 8:16). As voorbeeld kan hier dien 1 Kronieke 29:22: καὶ ἔφαγος καὶ ἔπιον ἐναντίον κυρίου ἐν ἐκείνῃ τῇ ἡμέρᾳ μετὰ χαρᾶς καὶ ἐβασίλευσαν ἐκ δευτέρου τοῦ Σαλωμων Die oorblywende vier gevalle kom almal uit die Makkabeër-boeke. In drie gevalle

⁷ Terwyl die argument oor die onegaligheid in simmetrie geldig is, moet daarop gelet word dat die twee εἰς-φrases nie dieselfde funksie vervul nie. Die eerste is 'n aanduiding van die inhoud van die bekragtiging; die tweede die resultaat van die Vader se bekwaamaking. Hier bestaan daar dus alreeds geen streng paralleliteit nie.

⁸ Vergelyk intussen reeds Eadie ([1856] 1957:31-32). Lohse (1977:66) sien (saam met heelwat ander) in 1:12 'n nuwe begin waarby εὐχαριστοῦντες selfstandig gelees word as imperatief wat met μετὰ χαρᾶς verbind is. Oor laasgenoemde sê hy dat dit eintlik by die voorafgaande aansluit, maar inhoudelik by die daaropvolgende beter pas: "Ihrem Inhalt nach aber drücken sie einen neuen Gedanken aus." So 'n beredenering is werklik nie goeie eksegesi nie. Hoe kan iets by die voorafgaande hoort maar dan inhoudelik beter by die daaropvolgende pas? Ten opsigte daarvan dat ons hier met 'n nuwe begin te make het, motiveer hy: "Denn nun ist nicht mehr vom Wandel der Glaubigen die Rede." Maar waarom sou die danksegging van Christene nie tot hulle lewenswandel behoort nie? Sien oor hierdie laaste aspek byvoorbeeld Bujard (1973:99) waar hy sê dat εὐχαριστοῦντες τῷ πατρὶ "Teil des christlichen Verhaltens" vorm.

bind die uitdrukking na vorentoe (2 Makk 15:28; 3 Makk 5:21; 6:34). As voorbeeld kan hier aangehaal word uit 3 Makkabeërs 5:21: εἰπόντος δὲ τοῦ βασιλέως ἀσμένως πάντες μετὰ χαρᾶς οἱ παρόντες ὁμοῦ συναινέσαντες εἰς τὸν ἴδιον οἶκον ἕκαστος ἀνέλυσεν. In 3 Makkabeërs 7:13 kan die uitdrukking verstaan word om na agtertoe of na vore te bind: τότε ... οἱ τούτων ἱερεῖς καὶ πᾶν τὸ πλῆθος ἐπιφωνήσαντες τὸ ἀλληγοψία μετὰ χαρᾶς ἀνελυσαν.

Van die nege gevalle, buiten Kolossense 1:11, in die Nuwe Testament⁹ is Lukas 10:17, soos die geval in Kolossense, onseker omdat dit verstaan kan word om na vore of na agter te bind: ὑπέστρεψαν δὲ οἱ ἑβδομήκοντα [δύο] μετὰ χαρᾶς λέγοντες· κύριε In die res bind μετὰ χαρᾶς twee keer na agtertoe (Luk 24:52 en 1 Tess 1:6). 1 Tessalonisense 1:6 kan as voorbeeld dien: καὶ ὑμεῖς μιμηταὶ ἡμῶν ἐγενήθητε καὶ τοῦ κυρίου, δεξάμενοι τὸν λόγον ἐν θλίψει πολλῇ μετὰ χαρᾶς πνεύματος ἁγίου. In ses gevalle bind dit vorentoe (Matt 13:20; Mark 4:16; Luk 8:13; Fil 1:4; Heb 10:34; 13:17). Hier is Filippense 1:4 'n goeie voorbeeld: πάντοτε ἐν πάσῃ δεήσει μου ὑπὲρ ὑμῶν, μετὰ χαρᾶς τὴν δέησιν ποιούμενος

Die bevind van hierdie oorsig moet wees dat dit ons nie juis verder help nie. Ons kan sien dat μετὰ χαρᾶς na vore of na agtertoe kan bind, en dat daar enkele gevalle voorkom waar dit moeilik is om te bepaal of dit vorentoe of agtertoe bind.

Hiermee word ons met die vraag gelaat: as die gebruik van die uitdrukking μετὰ χαρᾶς ons nie verder help nie, en die eeue-oue argumentasie ten gunste van die een of die ander moontlikheid nie tot uitsluitel lei nie, is daar dan nog 'n ander weg wat gevolg kan word? Wat hieronder aangebied word, is 'n poging om dié vraag te beantwoord.

4. 'N REDEVOERINGSANALISE VAN KOLOSSENSE 1:9-12

4.1 Enkele opmerkings vooraf

Om misverstand te voorkom is dit belangrik om vooraf rekenskap te gee oor die gebruik en waarde van 'n redevoeringsanalitiese benadering¹⁰. Die metode bied nie objektiewe resultate nie, maar is in wese 'n manier om die navorser se verstaan van 'n teks uit te

⁹ In Filippense 2:29 bind die uitdrukking μετὰ πάσης χαρᾶς na agtertoe.

¹⁰ Vergelyk ook Wendland (1992:29-30; 60-61).

beeld en te verduidelik. Terselfdertyd is dit nie 'n bloot subjektiewe prosedure nie. Daar is ingebou die ernstige oorweging van 'n verskeidenheid van gegewe formele elemente in die teks soos die aanmerk van struktuurdraers en die eienskappe van die genre wat bestudeer word – in hierdie geval die briefvorm, en met name die vorm van die briewe in die *corpus Paulinum*. Daarby kom uiteraard die oorweging van grammatikale en ander eksegetiese kwessies. Tog bly dié benadering uiteindelik die weergawe van die navorser se verstaan van die teks nadat alle ter sake faktore in ag geneem is. Maar dan duik die vraag op of die aanwending van dié benadering nie self tog ook 'n bydrae tot die verstaan van die teks maak nie. En inderdaad is dit so. In die noue omgang met die teks, in die uifers noukeurige lees en bewerking van die teks, word ontdekkings gemaak wat voorheen nie raakgesien is nie. Die sirkelgang wat hierdeur tot stand kom, kan dus korreksies in die verstaan van die navorser bewerk wat tot 'n verdiepte, en selfs 'n nuwe verstaan kan lei.

Wanneer dit alles gesê is, bly die vraag oor na die spesifieke bydrae wat so 'n benadering kan lewer tot die verstaan van 'n teks. Omdat 'n redevoeringsanalise uitgaan van die totaliteit van 'n werk en poog om van daaruit die onderdele daarvan te verstaan, moet dit duidelik wees dat die bepaling van 'n geskryf se makrostruktuur 'n prioriteit is. Om so 'n onderlinge binding van perikope te bepaal, veronderstel 'n tweede faset wat van groot belang is, naamlik 'n afbakening van die onderskeie perikope. Die derde faset is dan die teksbinding binne perikope. In hierdie studie sal net kortliks aan die eerste twee fasette aandag gegee word omdat ek dit reeds elders probeer aantoon het (vgl die volgende voetnote en verwysings in die teks). Wat ons aandag hier besonderlik verdien, is gevolglik die teksbinding in die perikoop 1:9-12, maar om dit te kan doen moet ons eers die perikoop afbaken, terwyl die makrostruktuur ter sprake sal kom wanneer daar in die slotgedeelte gevra word na die funksie van die perikoop.

4.2 Afbakening van die perikoop

Daar is drie aspekte wat hier ter sprake moet kom: die bydrae van die briefvorm in die *corpus Paulinum* tot die herkenning van die dank- en die gebedsgedeeltes; die vraag of die twee gedeeltes inderdaad twee perikope verteenwòrdig; en die vraag of die gebedsgedeelte by 1:11 of 1:12 eindig.

4.2.1 Die dank- en die gebedsgedeelte in vergelyking met die res van die Paulusbriewe

Hoe die dank- en gebedsgedeeltes in die *corpus Paulinum* gestalte aanneem, het ek in my Filemonkommentaar probeer aantoon en bespreek dit nou nie hier uitvoerig nie¹¹. In kort en ietwat vereenvoudig kom dit daarop neer dat drie vorme onderskei kan word. In die eerste geval word net 'n enkelvoudige danksegging aangetref (1 Kor 1:4-7). 'n Tweede vorm vertoon 'n afsonderlike danksegging gevolg deur 'n afsonderlike gebedsgedeelte (petisie, voorbidding, bv Rom 1:8 + 1:9-10). Die derde vorm is 'n gekombineerde dankseggings- en voorbiddingsgedeelte (bv Filem 4-6). Sou 'n mens nou in die lig van hierdie getuienis die vraag vra: wat is die geval in Kolossense?, blyk die volgende: die danksegging self is klaarblyklik 'n gekombineerde dank- en gebedsvorm (1:3ev), maar dit word, soos' by die tweede groep die geval is, gevolg deur 'n afsonderlike gebedsgedeelte wat uit voorbidding bestaan (1:9vv). Die vasstelling hiervan is ooglopend, maar die vraag sou tog gestel kon word of daar wel van twee perikope sprake is, en of ons hier nie maar met net een te doen het nie.

4.2.2 Twee perikope of een?

Daar sou op grond van die herhalingspatrone van bepaalde strukturelemente in 1:3ev en 1:9ev geredeneer kon word dat 1:3-11/12 in wese tog 'n eenheid vorm en gevolglik as een perikope aangemerkt behoort te word. Daar sou daarop gewys kon word dat εὐχαριστοῦμεν in 1:3 weerspieël word in εὐχαριστοῦντες in 1:12, dat die προσευχόμενοι van 1:3 in 1:9 herhaal word, dat ἀκούσαντες en προηκούσατε (1:4-6) weer opgeneem word in ἠκούσαμεν (1:9), dat καρποφορούμενον en αὐξανόμενον in 1:6 ook in 1:10 weerspieël word as καρποφοροῦντες en αὐξανόμενοι, en dat die uitdrukking ἀφ' ἧς ἡμέρας in sowel 1:6 as in 1:9 voorkom.

Hierteenoor moet volgehou word dat die saak waarom dit in 1:3-8 gaan, dié is van danksegging soos deur εὐχαριστοῦμεν (1:3) aangedui en dat die funksie van die verwysing na gebed hier slegs die tydsaanduiding is: die danksegging geskied tydens die gebedsperiode. In 1:9-11/12 word die saak waarom dit gaan, deur οὐ παύομεθα ... προσευχόμενοι καὶ αἰτούμενοι aangedui: dit gaan hier om voorbidding, om petisie. Die

¹¹ Vergelyk Roberts (1992:31-32; kyk ook 1986:191-192).

voorkoms van εὐχαριστοῦτες in 1:12 is ook glad nie 'n heropname van die werkwoord in 1:3 nie, maar maak deel uit van die petisie: die regte lewenswandel waarvoor gebid word, sal onder andere ook inhou dat die ontvangers dank aan die Vader sal toebrenge. Dit staan geheel en al nie met die skrywer se danksegging as briefinleiding in verband nie. Dat die herhalende strukturelemente wel daartoe bydra dat daar 'n besondere nou binding tussen die twee perikope bestaan, val nie te betwyfel nie. Hierdie feit word verder beklemtoon deur die volgende: Die danksegging word afgesluit met die motivering dat hulle die evangelie gehoor het en daardeur tot kennis gekom het van die waarheid soos dit deur Epafras (ἐμάθετε ἀπὸ Ἐπαφροῦ) aan hulle verkondig is. Met διὰ τούτῳ in 1:9 word daar dan gestel dat daar, op die basis van die voorafgaande, gedurig vir hulle voorbeding gedoen word juis vir hulle volkome kennis van God se wil ten opsigte van die regte lewenswandel – wat dan in die res van die perikope weerspieël word. Intussen is daar ook 'n formele, maar nie inhoudelike nie, voorkoms van die kennisbegrip in die twee perikope ἐπέγνωτε τὴν χάριν τοῦ θεοῦ in 1:6 en τὴν ἐπίγνωσιν τοῦ θελήματος αὐτοῦ in 1:9, asook, maar weer inhoudelik verskillend, τῇ ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ in 1:10.

As sowel die praktyk van die Pauliniese briefvorm ten opsigte van dankseggings en gebede aan die begin van die briewe, asook die formele en inhoudelike aspekte gemotiveerd in aanmerking geneem word, lyk die konklusie onafwendbaar dat 1:3-8 en 1:9-11/12 as twee afsonderlike, maar nou byeenhorende, perikope verstaan moet word. Dit laat ons met die laaste vraag, naamlik of die gebedsperikope met vers 11 of vers 12 eindig.

4.2.3 Die afsluiting van die gebedsperikope


Omdat daar (soos aangetoon in 2.1 hierbo) 'n stryd bestaan oor die vraag of vers 12 nie tot dit wat volg hoort nie¹², het ek die aangeleentheid in 'n vorige studie wat die belydenisuitspraak in 1:13-20 bespreek het, aan die orde gestel (Roberts 1997a:482-488; vgl ook Roberts 1988a:91-95). Die beredenering word nie hier herhaal nie. Afgesien van die bevinding dat vers 12 deel uitmaak van die petisie en waarvoor hieronder iets meer gesê moet word, het die bogenoemde beredenering daarop uitgeloop dat 'n nuwe

¹² Vergelyk bv Zeilinger (1974:34-39).

perikoop by 1:13 'n aanvang neem en dat dit die Pauliniese oorgangstegniek van 'n belydenisuitspraak verteenwoordig¹³. Die aanvang van die nuwe perikoop by 1:13 beteken hier dat 1:12 as deel van die petisie vanaf 1:9 gelees moet word. Die redevoeringsanalise wat hieronder volg behoort hierdie feit te bevestig.

4.3 Analise van 1:9-12

Kolossense 1:9-12 (kommata 1a-k): VOORBIDDING VIR DIE GELOWIGES



Die vier verse is gevorm as slegs een kolon, dit wil sê 'n sin bestaande uit 'n werkwoorddeel plus naamwoorddeel, met inbeddings (kyk Du Toit 1977: passim). Die kolon

¹³ Dié belydenisuitspraak inkorporeer in homself 'n lied wat in die perikoop dan uiteraard as belydenisstuk funksioneer sodat die perikoop strek van 1:13-20.

is opgedeel in elf kommata (afgekort km) (1a-k). Komma-eenhede word verstaan as kolonedele wat 'n werkwoordsvorm bevat, of dit nou al genoem word of veronderstel is.

Wanneer 'n perikoop presenteer as 'n enkele kolon, maar met meerdere kommata wat oor 'n lang span in 'n onderlinge relasie staan, moet so 'n perikoop met die oog op kommagroepe ondersoek word, net soos ander met meerdere kola met die oog op kolongroepe bekyk moet word. Blykens die relasie-aanduidings in die teksuiteensetting hierbo bestaan die perikoop duidelik uit twee dele of kommagroepe, te wete komma 1a-d, wat die gebedsuitdrukking (of -formule as 'n mens wil) bevat en die objek van voorbedding vermeld, asook komma 1e-k, wat die gebedsinhoud bevat¹⁴. Vir die doel van hierdie studie is ons veral geïnteresseerd in die tweede kommagroep waarvan ons moet probeer om die onderlinge relasies vas te stel.

Vooraf is dit egter nodig om 'n opmerking te maak oor die verskynsel van chiasme¹⁵ wat ondertoe as 'n belangrike struktuurpatroon aangedui sal word. Afhangende van die kriteria wat aangewend word, kan chiasmes op baie plekke ontdek word, maar as dit nie met noukeurige oorweging van kriteria en genoegsame kritiese instelling gehanteer word nie, lei dit maklik tot oppervlakkige vondste wat nie met die sintaktiese gestruktureerdheid van die teks saamhang nie en daarom tot foutiewe afleidings neig of niks anders oplewer as die konstatering van 'n sogenaamde chiasme nie. In die onderhawige perikoop het ons na my mening wel met 'n chiasme te doen soos ek hoop om aan te dui. Ek verskil hierin sterk van Van der Watt (1988:15-19) wat hier 'n chiasme ontdek wat oor kommata 1e-h strek. Hy meen op grond van die voorkoms van ἐπίγνωσιν in komma 1e en ἐπιγνώσει in komma 1h, dat hierdie twee kommata die omringende (a)-dele van 'n chiasme is met komma 1f en komma 1g die twee middel (b)-dele. Hier duik daar egter probleme op. Eerstens moet dit uit die teksoorsig hierbo duidelik wees dat komma 1e die werklike saak is waarvoor gebed word. Komma 1f is die uitloper van 1e. As doelsin druk dit uit waartoe die kennis van God se wil moet lei: 'n

¹⁴ Vergelyk in hierdie verband Roberts (1992:32). Die voorbeddingsgedeeltes of petisies het nie so 'n vaste vorm as die dankseggings nie, maar bevat 'n werkwoordelike uitdrukking gevolg deur 'n nominale frase wat die objek van die voorbedding aandui en 'n doelsin wat die inhoud van die gebed aandui. Die weergawes in die briewe is nie aanhalings van gebede nie maar gebedsverslae waarin meegedeel word waarvoor gebed is. Telkens hou dit verband met die konteks van die brief, die situasie van die gemeente waarop die brief inspeel.

¹⁵ Vergelyk hieroor Havemann (1980:1-27). Hy onderskei vier klasse van chiasme: dié van woorde en terme; dié van stellingswyse; dié van grammatikale vorme; en dié van temas (Havemann 1980:17-18).

lewenswandel wat die Here waardig is. Om nou 'n chiasme te vorm, sou dit nodig wees dat die gedagte van komma 1f onmiddellik herhaal word, gevolg deur 'n herhaling van die gedagte in 1e. Dit gebeur egter nie. Die lewenswandel waardig aan die Here is die oorkoepelende uitdrukking van die Christelike lewenswyse wat nader omskryf word in kommata 1g, 1h, 1i en 1j(k), dit wil sê deur vier nadere bepalings wat elk 'n onderdeel van die lewenswandel beskryf. Na my mening oorskry dit die perke van die sintaksis om in dié geval willekeurig 'n chiasme te sien in komma 1e-h omdat komma 1h, wat 'n onderdeel is van die ingebede komma 1f, dan gelykwaardig sou moet wees aan komma 1e. Hierby kom dat komma 1g werklik nie gelykwaardig is aan komma 1f nie – soos bewys word deur kommata 1h-j(k) – maar 'n onderdeel daarvan uitmaak. Bowendien moet dit uit die teksuiteensetting hierbo gesien kan word dat komma 1g, 1h, 1i, en 1j(k) inbeddings is by komma 1f, en as sodanig inderdaad elkeen 'n gedeeltelike verduideliking van wat komma 1f behels. Daarby is dit ten opsigte van die eerste en vierde bene van die gewaande chiasme ook nie in orde om in komma 1h 'n herhaling te sien van komma 1e omdat ἐπιγνώσις en ἐπιγνώσει daarin voorkom nie: τὴν ἐπιγνώσις τοῦ θελήματος αὐτοῦ (θεοῦ) is eenvoudig iets anders as τῇ ἐπιγνώσει waar eersgenoemde op die vlak van die wete, die intellektuele lê, en laasgenoemde op die verhoudings- en ervaringsvlak¹⁶.


Met die bogaande bespreking van die probleem rondom die chiasme het die onderlinge verhouding van die kommata in die inhoudsgedeelte van die voorbedding

¹⁶ Bratcher & Nida (1977:15) verwys instemmend daarna dat kommentatore aandui dat die kennis van God se wil nie bloot intellektuele persepsie nie, maar 'n lewende verhouding uitdruk. Hulle vertaal gevolglik: "to experience what God wants for you." Ek meen dié verklaring is nie korrek nie (maar sien hieronder vir meer genuanseerdheid). Om te weet wat God se wil is, het met "wete" te make: dit gaan oor feite waaroor die lesers nie genoegsaam kennis het nie en wat skrywer in hierdie brief juis aan hulle wil oordra of leer. Daarom stel O'Brien (1982:20) dit korrek dat die petisie handel oor: "a perception of his will, which consists of an understanding of what is spiritually important." Wanneer dit by τῇ ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ kom, staan die saak anders en kan ons met Bratcher & Nida (1977:17) saamstem wanneer hulle vertaal: "your experience of God will be greater and greater." In hierdie geval gaan dit om die beleving van 'n nouer verhouding met God. Ook die struktuur van die perikoop bevestig hierdie siening. Die hoofpetisie is dat die lesers meer sal te wete kom oor God se wil (km 1e) en dat dit sal lei tot die regte lewenswandel (km 1f). "Kennis van God" as 'n onderdeel van die regte lewenswandel kan nou tog nie gelyk wees aan die hoofsaak waarvoor in komma 1e gebid is nie. 'n Laaste opmerking is hier belangrik: die kennis waaroor dit in komma 1e handel, is wel intellektuele kennis, die aanleer van dit wat God wil hê, maar dit word in die teks gekwalifiseer deur ἐν πάσῃ σοφίᾳ καὶ συνέσει πνευματικῇ. Die geestelike wysheid en insig kwalifiseer die aanleerproses as 'n aangeleentheid wat hulle slegs dan so sal verstaan dat dit betekenis in hulle lewe sal hê wanneer die Gees die wysheid en insig gee om dit wat hulle geleer het vir hulle self toe te eien.

reeds grotendeels aan die orde gekom sodat 'n opsommende samevatting hier genoegsaam sal wees. Met die doelsin in komma 1e word die saak duidelik waarom gebid word. Dit is 'n bede om intellektuele kennis aangaande God se wil wat gepaard gaan met wysheid en geestelike insig. Hieruit vloei daar 'n verdere doelsin (km1f) wat die verwagting aandui van dit wat die meerdere kennis en verstaan van God se wil sal meebring; dit moet lei tot die regte lewenswandel. By hierdie eis om die regte lewenswandel is ingebed vier partisipiale konstruksies¹⁷ wat elkeen op sy eie manier 'n aspek van die regte lewenswandel nader omskryf: komma 1g stel dat dit vrugbaarheid in goeie werke sal vertoon; komma 1h dat dit groei in die verhouding met God sal vertoon; komma 1i dat dit gekenmerk sal word deur bekragtiging deur God om te kan uithou en aanhou in die stryd van die lewe; komma 1j(k) dat dit 'n lewe sal wees wat aan die Vader dank toebring vir die heilsbedeling wat Hy bewerk het.

Hiermee het bepaalde opmerklike verskynsels in die teks egter nog nie aan die bod gekom nie. Dit gaan met name hier om die wyse waarop kommata 1g-k gestruktureer is: elkeen bevat 'n partisipium en 'n nominale frase. Laasgenoemde kan bestaan uit εἶν + datief (km1g en 1i), of gewoon net die datiefvorm (km1h en 1j). Wat nou egter besonder interessant is, is die patroon wat hiermee in die vier opeenvolgende frases geskep is. Die volgende weergawe van die teks sal een deel van die verskynsel illustreer, en 'n latere een 'n tweede.


¹⁷ Vergelyk hier die uiteensetting van Wendland (1992:36). Hy verwys na die "conceptual clusters" wat bydra tot die "internal cohesion and thematic coherence of the paragraphs in which they are found. This unity is subtly reinforced morphologically by the concord of gender, number, case and tense of the string of participles that extends from 10b to 12a (i.e. 'bearing fruit' – 'growing' – 'being empowered' – 'giving thanks'), which specify what it means to 'live a life worthy of the Lord' (v. 10)."




Vir eers is dit duidelik dat die eerste en die derde kommata (km1g en li) begin met ἐν + datief, gevolg deur die partisipium; terwyl die tweede en die vierde (km1h en lj(k)) begin met die partisipium, gevolg deur 'n datiefkonstruksie¹⁸. Soos die teksbewerking hierbo aantoon, het ons hier dus met 'n parallelisme te make waar komma 1g met komma li bind, en komma 1h met kommata lj,k. Reeds hier kan daar nou gesuggereer word dat die parallelisme deurbreek sou word as μετὰ χαρᾶς vooraan komma lj (vers 12) gevoeg sou word. Die saak is egter nie hiermee afgehandel nie, omdat dit 'n geval van "begging the question" sou wees, aangesien dié keuse enige sprake 'n parallelisme uitskakel. Ons moet daarom nog 'n stap verder gaan en 'n tweede deel van die konstruksieverskynsels in die teks van nader bekyk, naamlik die verskynsel van ineengestremelde en opeenvolgende chiasmes in 1:10b-12. Dit word deur die volgende bewerking van die teks geïllustreer.

¹⁸ 'n Mens moet nie deur ἐν τῷ φωτί aan die einde van komma lk verlei word om hierin 'n verdere ἐν + datief te sien wat die struktuurpatroon omverwerp nie aangesien dit nie op die partisipium bind nie, maar 'n lokalisering is van die heiliges se erfdeel.

Die sintaktiese binding van μετά χαράς in Kolossense 1:11



Hierdie teks kan ook soos volg gerangskik word om die chiasiese patroon vanuit 'n ander perspektief te belig:-



Dat komma I g en komma I h (1:10b,c) 'n chiasiese struktuur vertoon ten opsigte van die rangskikking van die onderskeie dele van die seggings is meermale raakgesien. Van der Watt (1988:18-19) sê dat daar 'n chiasiese vervlegting voor hande is in die "posisionele gebruik van die nomina en partisipia" in wat hierbo aangedui is as 1:10b en c (km1g, h). Verse 11 en 12 sien hy dan as "parallelities opgebou". Die rede waarom hy en ander¹⁹

¹⁹ Vergelyk hiervoor Hendriksen (1964:58, n 39); O'Brien (1982:90); Wolter (1993:62).

nie die voortsetting van die chiasme in 1:11, 12 (h)erken nie, is geleë in die feit dat hulle μετὰ χαρᾶς met εὐχαριστοῦντες verbind en dit daaraan laat voorafgaan. Wanneer hierdie keuse egter nie uitgeoefen word nie, vertoon 1:10b-12 (km1g-j(k)), soos duidelik uit die bewerkings van die teks hierbo gesien kan word, 'n ingewikkelde, of vervlegte patroon van drie herhalende chiasmes, waarby die laaste b-been van die voorafgaande chiasme telkens die eerste a-been van 'n nuwe chiasme vorm. Dat drie opeenvolgende frases hierdie patroon sal vertoon terwyl die vierde, wat in dieselfde posisie van afhanklikheid as die eerste drie gekonstrueer is, dan nou 'n afwykende vorm sal aanneem deur die vooraanhegging van 'n preposisionele frase (μετὰ χαρᾶς) is, gesien die noukeurige wyse waarop hier geformuleer word, na my mening onaanvaarbaar.

Aangesien die aanwending van beide parallelisme en chiasme beklemtoning in die hand werk²⁰, het ons in die onderhawige weergawe van die gebedsinhoud (1:10b-12) met 'n dubbele beklemtoningstruktuur te doen. Enersyds is daar die meer oorkoepelende beweging van parallelle seggings. Die verbinding van A en A¹ beklemtoon die meer praktiese aspek van die nuwe lewenswandel wat in ooreenstemming is met die wil van God: vooruitgang in die doen van goeie werke en goddelike versterking om met blydschap in die stryd van die lewe te kan volhard en nie tou op te gooi nie. Die verbinding van B en B¹ beklemtoon die meer "godsdienstige" of geestelike perspektief: die nouer verhouding met God, 'n verdiepte kennis van Hom, wat uitloop op 'n lewenspraktyk wat aan Hom dank toebRING, dank wat verder daardeur versterk word dat God Hom nou laat verstaan as die Vader van die gelowiges. Na die sin van die bogenoemde beklemtoning sal aanstons teruggekeer moet word.

Hiernaas en hiermee vervleg tref ons dan die chiasiese onderordening van die teks aan. Wie hierdie kommata hardop voorgelees gehoor het, sou deur die ietwat sonore klanke in die opeenvolging en afwisseling van dativi en partisipia, aangevoel het dat hier heel besondere sake aan die orde kom wat vir die lesers se spesifieke situasie van groot belang is. Die skrywer vertel nie maar net dat hy vir hulle gebid het nie. Sy bedes is gelaai met dinge wat vir die res van die brief van betekenis is. Die struktuur trek aandag

²⁰ Van der Watt (1988:19) formuleer: "Chiasiese en parallelistiese strukture is hoofsaaklik 'n *beklemtoningsordening*."

en boei. Dit is draer van 'n boodskap wat nie net gehoor moet word nie, maar waarna geluister moet word.

Om die vraag na die sin van die beklemtoningstrukture in hierdie perikoop te beantwoord, moet rekening gehou word met die situasie van die gemeente²¹. In die missionêre konfrontasie tussen die gelowiges in Kolosse en 'n groep Joodse mistici, is sommiges in die gemeente verwar deur eersgenoemdes se aanspraak dat hulle, of hulle leier, deur mistieke praktyke in 'n visionêre, maar as werklikheid beleefde, hemelreis, ingegaan het in die hemel en die troonkamer met sy hemelse diens wat die engele aan God verrig, gesien het (vgl Kol 2:18-19). Hulle verwarring lei tot twyfel of die redding in Christus werklik genoegsaam is en of hulle nie ook nodig het om "in te gaan en te sien hoe die engele God dien" nie. Is hulle Christelike diens aan God werklik reg en genoegsaam? Hierdeur is die skrywer genoop om die brief aan die Kolossense te rig om hulle teen die gevaar van misleiding te waarsku (vgl 2:8). Die voorbiddingsgedeelte speel in die skrywer se poging 'n belangrike rol om die lesers voor te berei vir wat kom. Die verwardes word verseker van volgehoue Christelike gemeenskap in die vermelding van gereelde voorbidding. Daar word gesuggereer dat hulle kennis van God se wil kortkom en dat die aanvulling van dié kennis hulle sal help om reg te lewe. En dan word dié regte lewe omskrywe deur die vier elemente van vrugbaarheid in goeie werke, groei in die verhouding tot God, versterking om blymoedig uit te hou en aan te hou in die stryd van die lewe, en aan die Vader wat hulle gered het deurentyd dank toe te bring. Die kennis wat die brief gaan bring sal hulle op die regte pad laat lewe, die verwarring uit die weg ruim en hulle geloof versterk. Dan sal hulle verseker weet dat God hulle Vader is wat hulle gered het en aan hulle die krag gee om blymoedig en oorwinnend te lewe; dan sal hulle met God in 'n steeds nouer verhouding lewe en sal hulle in plaas van in verwarring onseker te wees oor wat hulle te doen staan eerder 'n vrugbare lewe vol goeie werke vertoon.

²¹ Hieraan is aandag gegee in Roberts (1988b:passim; 1991:passim; 1998:passim).

5. KONKLUDERENDE SLOT

5.1 Ten opsigte van die probleem self

Wat die probleem van μετὰ χαρᾶς se binding in Kolossense 1:11 betref, meen ek dat die struktuuranalise gehelp het om die beslissing te ondersteun dat die uitdrukking na agtertoe bind en met εἰς πᾶσαν ὑπομονὴν καὶ μακροθυμίαν geneem moet word. Die beslissing word ondersteun deur die drievoudige chiasme wat in 1:10b-12 aangedui kon word, gepaard met 'n oorhoofse parallelisme in dieselfde verse. Sou die beslissing andersom val, beteken dit die deurbreking van beide die beklemtoningstrukture wat in so 'n noukeurig geformuleerde gedeelte as uiters onwaarskynlik voorkom. In die lig hiervan, meen ek, is die keuse vir die binding na agtertoe meer waarskynlik as om dit met vers 12 te neem.

5.2 Ten opsigte van 'n redevoeringsanalitiese benadering

Alhoewel hierdie metode geensins op objektiewe sekerhede kan of wil aanspraak maak nie, het dit tog weer eens geblyk dat die noukeurige omgang met die teks wat daardeur vereis word, kan lei tot insigte wat andersinds oor die hoof gesien mag word. Belangriker nog in hierdie geval is die feit dat die ondersoeker daardeur van motivering voorsien is. In 'n situasie waar talle navorsers die keuse vir die een of die ander moontlikheid maak sonder om hulle keuse te motiveer of deur dit te motiveer met argumente wat nie werklik stand hou nie, gedeeltelik omdat daar ander teenoorstaande argumente aangevoer word, het die redevoeringsanalise wat hier gedoen is, die huidige navorser in staat gestel om, ten minste vir sy eie gemoedsrus, 'n motivering aan te bied wat sin maak en op feitlikhede in die teks gebaseer is.

5.3 Ten opsigte van die sinvolheid van die keuse in die lig van die perikoop se funksie binne die makrostruktuur

Om die impak op die eerste lesers te kan beskryf moet vasgehou word aan die insig dat die brief waarskuwend wil inspeel op die bedreiging wat die gemeente van die kant van Joodse mistici in die gesig gestaar het en die verwarring en onsekerheid wat dit by sommiges veroorsaak het ten opsigte van die unieke heilswerk wat in Christus tot stand

gekom het. Hoe die perikoop in sy geheel vir die eerste lesers op hierdie probleem inspeel, het ek elders probeer aantoon en herhaal dit nie hier nie²². Hier gaan dit slegs oor die keuse om μετὰ χαρᾶς te bind aan εἰς πᾶσαν ὑπομονὴν καὶ μακροθυμίαν. Terwyl al vier die faktore wat op die regte lewenswandel betrekking het, vir verwarde en onsekere lede van die gemeente 'n diep betekenis het, is dit tog so dat veral die derde element (kmlī) in die besondere situasie die gemeente direk aanspreek. Die krag om nie in te gee en tou op te gooi nie, stel naamlik die mense van God in staat om geduldig te verdra wat verdra moet word en enduit vrolik op God se pad te volhard. Dit impliseer dat hulle in die stryd teen hulle teenstanders nie in vreesagtigheid of neerslagtigheid die konfrontasie sal vermy nie, maar juis die probleemsituasie op blymoedige wyse sal tegemoet tree met die gesig gerig op die toekoms²³. So kan die skrywer self ook immers, te midde van al die stryd en spanning wat in 2:1-5 beskryf word, sy blydschap bely oor die positiewe dinge in die gemeente, en kan hy in 1:24 sy blydschap oor sy eie lyding ter wille van die lesers uitspreek, en dit as lyding vir die kerk, wat die liggaam van Christus is, in verband bring met die lyding van Christus. Blydschap in hierdie verband is vir die skrywer niks anders nie as die oorwinningslied van die gelowige te midde van teenstand en stryd.

Literatuurverwysings

- Abbott, T K 1897. *A critical and exegetical commentary on the epistles to the Ephesians and to the Colossians*. Edinburgh: Clark.
- Bratcher, R G & Nida, E A 1977. *A translator's handbook on Paul's letters to the Colossians and to Philemon*. Stuttgart: United Bible Societies.
- Bruce, F F 1957. *Commentary on the epistle to the Colossians: The English text with introduction, exposition and notes*. London: Marshall, Morgan & Scott.

²² Vergelyk Roberts (1997b:30-31).

²³ Conzelmann (1973:359-360) wys op die paradoksale element rondom blydschap in die Pauliniese en deuteropauliniese geskrifte: lyding en blydschap is nou verbind. Van die deuteropauliniese gebruik sê hy: "Das wichtigste Moment in der nachpaulinischen Briefliteratur ist das Motiv 'Freude im Leiden'...". Teologies gesproke lê die grond vir so 'n vreugdevolle verwerking van die lyding in die eskatologiese gerigtheid van die blydschap. In ons huidige konteks kom die eskatologiese element sterk na vore in die eskatologiese klimaks waarmee 1:12 eindig. Dit gee aan alles wat in hierdie perikoop voorafgaan, vrugdra, groei, versterking en dankbaarheid teenoor die Vader, 'n toekoms-gerigte dimensie.

- Bujard, W 1973. *Stilanalytische Untersuchungen zum Kolosserbrief als Beitrag zur Methodik vom Sprachvergleichen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Calvin, J 1965. *The epistles of Paul the apostle to the Galatians, Ephesians, Philippians and Colossians*, tr by T H L Parker. Edinburgh: Oliver & Boyd.
- Carson, H M 1963. *The epistles of Paul to the Colossians and Philemon: An introduction and commentary*. London: Tyndale.
- Conzelmann, H 1973. σ υ Χαίρω κτλ. *ThWNT* 9, 350-360.
- Dibelius, M & Greeven, H 1953. *An die Kolosser, Epheser, an Philemon*. Tübingen: Mohr.
- Dunn, J D G 1996. *The epistles to the Colossians and to Philemon: A commentary on the Greek text*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Du Toit, H C 1977. What is a colon? *Neotestamentica 11, Addendum: Discourse analysis of the Greek text of Matthew 1-13*, 1-10.
- Eadie, J [1856] 1957. *Commentary on the epistle of Paul to the Colossians*. Grand Rapids: Zondervan.
- Ellis, E E 1962. *Colossians*, in Harrison, E F (ed). *The Wycliffe Bible Commentary. The New Testament* (Electronic ed). Chicago: Moody Bible Institute.
- Ernst, J 1974. *Die Briefe an die Philipper, an Philemon, an die Kolosser, an die Epheser*. Regensburg: Pustet.
- Ewald, P 1910. *Die Briefe des Paulus an die Epheser, Kolosser und Philemon*. Leipzig: Deichert.
- Gnilka, J 1980. *Der Kolosserbrief*. Freiburg: Herder.
- Havemann, J C T 1980. Die betekenis en funksie van die chiasmes as stylfiguur in die Romeinebrief. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Hendriksen, W 1964. *New Testament commentary: Exposition of Colossians and Philemon*. Grand Rapids: Baker.
- Lightfoot, J B 1890. *Saint Paul's epistles to the Colossians and to Philemon: A revised text with introductions, notes, and dissertations*. 9th ed. London: Macmillan.
- Lohmeyer E 1961. *Die Briefe an die Philipper, an die Kolosser und an Philemon*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

- Lohse, E 1977. *Die Briefe an die Kolosser und an Philemon*. 2.Aufl. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Martin, R P 1972. *Colossians: The church's Lord and the Christian's liberty, an expository commentary with a presentday application*. Exeter: Paternoster.
- 1974. *Colossians and Philemon*. London: Oliphants.
- Melanchthon, P 1989. *Paul's letter to the Colossians*, tr by D C Parker. Sheffield: Almond.
- Mussner, F 1965. *Der Brief an die Kolosser*. Düsseldorf: Patmos.
- O'Brien, P T 1977. *Introductory thanksgivings in the letters of Paul*. Leiden: Brill.
- 1982. *Colossians, Philemon*. Waco: Word Books.
- Patzia, A G 1990. *Ephesians, Colossians, Philemon*. Peabody: Hendrickson.
- Pfammatter, J 1990. *Epheserbrief, Kolosserbrief*. Würzburg: Echter.
- Ridderbos, H 1960. *Aan de Kolossenzen*. Kampen: Kok.
- Roberts, J H 1986. Transitional techniques to the letter body in the corpus Paulinum, in Petzer, J H & Hartin, P J (eds), *A South African perspective on the New Testament: Essays by South African New Testament scholars presented to Bruce Manning Metzger during his visit to South Africa in 1985*, 185-201. Leiden: Brill.
- 1988a. Belydenisuitsprake as Pauliniese brieffoorgange. *HTS* 44, 81-97.
- 1988b. Die bedreiging van die gemeente in Kolosse. *HTS* 44, 812-828.
- 1991. Bly by Christus die hoof: Die Christologiese fundering van heilsbelewens en lewenspraktyk, in Roberts, J H, Vorster, W S, Vorster, J N & Van der Watt, J G (eds), *Teologie in konteks*, 294-320. Halfway House: Orion.
- 1992. *Die brief aan Filemon*. Kaapstad: Lux Verbi.
- 1997a. Die belydenisuitspraak Kolossense 1:13-20: Struktuur, eenheid en funksie. *HTS* 53, 476-497.
- 1997b. *Verlos en vry*. Halfway House: Orion.
- 1998. Jewish mystical experience in the early Christian era as background to understanding Colossians. *Neotestamentica* 32, 161-189.
- Sappington, T J 1991. *Revelation and redemption at Colossae*. Sheffield: JSOT.
- Schweizer, E 1980. *Der Brief an die Kolosser*. 2. Aufl. Zürich: Benziger.

- Scott, E F 1930. *The epistles of Paul to the Colossians, to Philemon and to the Ephesians*. London: Hodder & Stoughton.
- Uitman, J E 1972. *De brief van Paulus aan de Colossenzen*. 3de dr. Nijkerk: Callenbach.
- Van der Watt, J G 1988. *Christus is julle hoop: Die brief aan die Kolossense: 'n Semantiese redevoeringsanalise*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van Leeuwen, J A C 1926. *Paulus' zendbrieven an Efeze, Colosse, Filémon en Thessalonika*. Amsterdam: Van Bottenburg.
- Wendland, E R 1992. Cohesion in Colossians: A structural-thematic outline. *Notes on translation* 6(3), 28-62.
- Wolter, M 1993. *Der Brief an die Kolosser; der Brief an Philemon*. Gütersloh: Mohn.
- Zeilinger, F 1974. *Der Erstgeborene der Schöpfung: Untersuchungen zur Formalstruktur und Theologie des Kolosserbriefes*. Wien: Herder.